'n Minimum Loon vir Huishulpe: Antwoorde vir Beleidmakers*

L J Bothma en **C J Jordaan**

Departement Ekonomie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Departement Bemarking, Technikon Vrystaat

ABSTRACT

This study, which was conducted in a Bloemfontein residential area, revealed that a considerable number of domestic workers may lose their jobs if a minimum wage is implemented. In order to keep job losses to the minimum, a minimum wage should not be too far above the current market wage level. This article sets out how labour market theory and empirical research can assist policymakers to determine market and minimum wage levels for domestic workers. The main conclusion of the research is that a minimum wage for domestic workers should be regressive – higher for part-time than full-time workers.

JEL J 490

INLEIDING

Met die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge wat in 1996 in werking getree het, en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes wat onlangs deur die parlement gevoer is, het minimum lone vir huishulpe[2] in Suid-Afrika nou 'n moontlikheid geword. Beskou teen die agtergrond van Suid-Afrika se besonder hoë werkloosheidskoers, is dit noodsaaklik dat besin moet word oor die impak wat so 'n stap op die in diensnamevlakke van hierdie groep werkers kan hê. Moet daar 'n minimum loon vir huishulpe wees, en indien wel, op watter vlak moet dit vasgestel word? Die doel van hierdie artikel is om moontlike riglyne vir beleidmakers daar te stel.

Omdat huiswerk 'n beroep met 'n lae status is, is 'n mens geneig om te dink dat die huishulpmark ongekompliseerd is. Dit is 'n gevaarlike vergissing, want dié mark is ingewikkelder as wat dit op die oog af wil voorkom. Daar is byvoorbeeld voltydse sowel as deeltydse huishulpe. Wat die situasie verder

* A Minimum Wage for Domestic Workers: Answers for Policymakers

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

kompliseer, is dat baie deeltydses by meer as een huishouding werk. Almal verrig ook nie dieselfde take nie en die werkplek kan of 'n huis, of 'n meenthuis of 'n woonstel wees. Verder bestaan die unieke situasie dat die meeste werkgewers in hierdie mark weer in diens van ander werkgewers is. Anders as in ander arbeidsmarkte is daar in hierdie geval nie 'n direkte verbruiker aan wie loonverhogings deurgegee kan word nie. Vergoeding bestaan ook nie net uit kontantlone nie, maar ook uit vergoeding in natura, en hoër lone kan benewens afdankings ook korter werkstyd en/of die inkorting van take tot gevolg hê.

Teen hierdie agtergrond beskou kan 'n minimum loon vir huishulpe 'n ingewikkelder kwessie wees as wat sekere rolspelers wil glo. 'n Empiriese ondersoek wat in 1997 in die Bloemfonteinse woonbuurt Langenhovenpark gedoen is, het insiggewende resultate opgelewer waarvan beleidmakers kennis behoort te neem.

METODE VAN ONDERSOEK

Steekproef

Langenhovenpark is 'n relatief nuwe, maar tradisioneel blanke woonbuurt aan die westekant van Bloemfontein. Oor die algemeen beskou is dit 'n middelklas woonbuurt met besonder baie meenthuise – 'n kenmerk van hedendaagse stedelike woonbuurte. Volgens die Bloemfonteinse Stadsraad was daar aan die einde van 1996 onderskeidelik 1 129 (41,3%) huise, 1 580 (57,9%) meenthuise en 22 (0,8%) woonsteleenhede in Langenhovenpark. In totaal kom dit neer op 2 731 huishoudings.

Nie alle huishoudings het egter 'n huishulp in diens nie. Volgens die *1991-Populasie Sensus* van die Sentrale Statistiekdiens (SSD), maak gemiddeld tweederdes van alle blanke huishoudings van die dienste van 'n huishulp gebruik. Derhalwe is die aantal wooneenhede in die woonbuurt waar daar huishulpe in diens is op 1 802 geskat, waarop 'n proporsioneel ewekansige steekproef van 10,4% (187) volgens 'n formule wat deur Stoker (1981:13) aan die hand gedoen word, getrek is. Omdat wooneenhede waar daar nie huishulpe in diens is nie noodwendig ook in die steekproef sou val, en voorsien is dat daar ook werkgewers sou wees wat nie aan die ondersoek sou wou deelneem nie, is die aantal besoekpunte uitgebrei tot 290. Die aantal woonsteleenhede wat binne die steekproef geval het was te min om enige betroubare resultate op te lewer en is weggelaat.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Vraelys

'n Gerekenariseerde vraelys is in Afrikaans en Engels opgestel, en verskillende vrae is aan onderskeidelik werkgewers en huishulpe gevra om sodoende die vraag- sowel as die aanbodkant van die mark te ondersoek.

Opgeleide veldwerkers het gedurende die periode 17 Februarie tot 10 Maart 1997 onderhoude met huishulpe en hulle werkgewers in laasgenoemde se wonings gevoer. In totaal is 177 bruikbare vraelyste - wat 94,6% van die steekproeftotaal verteenwoordig - voltooi. By die ander 113 wooneenhede wat besoek is wou werkgewers óf nie deelneem aan die ondersoek nie, óf was daar nie huishulpe in diens nie.

Om 'n profiel van die huishulpe te kry is hulle ouderdomme gevra, hulle huwelikstatus, hoeveel skoolopleiding hulle gehad het, en hoeveel afhanklikes hulle het. Ten einde 'n idee van arbeidsomset in die mark te kry moes huishulpe sê hoeveel keer en om watter rede(s) hulle die afgelope vyf jaar van werkgewer verwissel het. Hulle moes ook aandui by hoeveel verskillende werkgewers hulle gedurende die week werk. Om vas te stel in watter mate die arbeidsmag georganiseer is, is aan huishulpe gevra of hulle aan 'n vakbond behoort of nie. Omdat 'n minimum loon nie net afdankings nie, maar ook die inkorting van take tot gevolg kan hê, moes huishulpe sê watter take hulle alles moet verrig. Huishulpe se take en die omvang daarvan kan egter verband hou met faktore soos die grootte van die werkoppervlakte en die aantal mense wat in 'n wooneenheid bly. Derhalwe is onderskei tussen huise en meenthuise, en moes werkgewers sê hoeveel mense saam met hulle woon.

Vir sover dit minimum lone vir huishulpe aanbetref moet daar noodwendig tussen voltydse en deeltydse werkers onderskei word, en moes werkgewers aandui hoeveel dae per week hulle 'n huishulp in diens het, wat hulle haar betaal, en of hulle 'n dienskontrak met haar gesluit het. Aangesien huishulpe se vergoeding nie slegs uit kontantlone bestaan nie, maar ook vergoeding in natura insluit, wat moeilik is om te bereken, is aan werkgewers gevra om sodanige vergoeding te spesifiseer en self die geldwaarde daarvan te skat. Hierdie metode word ook deur die SSD in sy jaarlikse *Survey of dwellings and domestic workers* gebruik.

Dataversameling en -Verwerking

Anders as die SSD wat huiswerkers op grond van *ure gewerk per week* in drie groepe, naamlik *voltydses* (meer as 35 ure per week), *deeltydses* (meer as 20 maar minder as 30 ure per week) en *loswerkers* (minder as 20 ure per week)

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

indeel (SSD; May 1994: 4), is huishulpe in hierdie studie volgens *dae gewerk per week* gekategoriseer. Huishulpe word in die praktyk nie vir 'n sekere aantal ure per week gehuur nie, maar vir 'n sekere aantal dae per week. Hulle het elke dag sekere take om te verrig, en wanneer dit klaar is, is hulle gewoonlik vry. Op grond hiervan is deeltydse huishulpe in drie groepe ingedeel, naamlik die wat een; of twee; of drie dae per week by 'n spesifieke werkgewer in diens is. Die wat vier en meer dae per week deur 'n bepaalde werkgewer gehuur word, is as voltydse huishulpe beskou.

Daar is voorts gepoog om vas te stel wat huishulpe in elke kategorie se kontantvergoeding per dag is. Dit het probleme opgelewer, want sommige werkgewers betaal hulle huishulpe weekliks en ander maandeliks. Waar huishulpe weekliks betaal word, is die weeklikse loon gedeel deur die aantal dae wat die huishulp per week werk. In die geval van maandelikse vergoeding is die aantal dae gewerk per week met vier vermenigvuldig en deur die maandelikse loon gedeel. 'n Verdere probleem is dat sommige werkgewers hulle huishulpe bo en behalwe 'n kontantloon ook 'n kontantbedrag gee vir reiskoste. In hierdie gevalle is die SSD nagevolg en is geld vir reiskoste as deel van kontantvergoeding geag (*Survey of dwellings and domestic workers,May 1994*: 4).

Om 'n idee te kry wat die impak van 'n minimum loon op die indiensnamevlakke van huishulpe kan wees, moet die vlak waarop die amptelike minimum loon vasgestel gaan word bekend wees. Hieroor is nog geen besluit geneem nie. 'n Woordvoerder van 'n vakbond vir huishulpe het in 1996 aan die Arbeidsmarkkommissie gesê (voltydse) huishulpe eis 'n minimum loon van R600 per maand (*Report of the commission to investigate the development of a comprehensive labour market policy*, par. 197). Dit kom neer op R30 per dag vir 'n maand met 20 werksdae. Die navorsers het hierdie bedrag as riglyn geneem en die kontantlone van voltydse huishulpe in Langenhovenpark hiermee vergelyk. Daarna is vergoeding in natura by kontantlone getel om sodoende ook voltydse huishulpe se totale vergoeding aan die minimum loon van R600 per maand / R30 per dag te toets.

ONDERSOEKRESULTATE

Die resultate van die ondersoek word uiteengesit en bespreek onder die volgende hoofde: huishulpe, huishoudings, indiensname, arbeidsomset en dienskontrakte, aard van take en vergoeding. Daarna word voltydse huishulpe se vergoeding aan die minimum loon getoets.

Huishulpe

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Die gemiddelde ouderdom van huishulpe wat in die woonbuurt werk is 39,2 jaar. Waarna twee-derdes tussen 30 en 45 jaar oud is. Byna die helfte (47,2%) het aangedui dat hulle getroud is, terwyl 16,5% gesê het hulle is ongetroud. Dit is opmerklik dat 21% van die huishulpe geskei of van hulle eggenoot vervreemd is, terwyl 8,5% weduwees en 6,8% saamblyers is.

Die feit dat die huishulpe wat by die ondersoek betrek is gemiddeld 2,9 afhanklikes het, beteken dat afdankings in hierdie mark 'n groot getal mense kan raak. Sowat 'n kwart (47) van die 177 huishulpe het boonop geen formele skoolopleiding gehad nie, en van dié 130 wat wel op skool was, het 'n derde (44) nie laerskool voltooi nie. Dit beteken dat diegene wat hulle werk verloor min vooruitsigte op 'n hoër besoldigde pos het.

Slegs 19 huishulpe het aangedui dat hulle inslaap, wat verband hou met 'n munisipale regulasie wat nog tot onlangs bediendekamers in die woonbuurt verbied het. Derhalwe is die oorgrote meerderheid (158) pendelaars waarvan meer as die helfte (88) in Botshabelo woon. Hulle moet in totaal ongeveer 130 km per dag aflê om by die werkplek en terug te kom. Die res van die huishulpe woon op hoewes en in die tradisioneel nie-blanke woonbuurte rondom Bloemfontein, wat beteken dat afstande na die werkplek en derhalwe ook reiskostes baie verskil.

Slegs drie van die respondente het aangedui dat hulle aan een of ander vakbond behoort, wat daarop mag dui dat die huishulparbeidsmag in Bloemfontein nog ongeorganiseerd is.

Huishoudings

Hoewel daar minder huise as meenthuise by die ondersoek betrek is, is ongeveer twee-derdes (64,4%) van die vraelyste by huise en 'n derde (35,6%) by meenthuise voltooi. Dit volg omdat 'n groter persentasie meenthuisbewoners as huisbewoners wat in die steekproef ingesluit is, óf nie wou deelneem aan die ondersoek nie, óf aangedui het dat hulle nie 'n huishulp in diens het nie. Daar is nie aan hierdie huishoudings gevra hoekom hulle nie 'n huishulp huur nie, maar dit is opvallend dat die huise wat by die ondersoek betrek is gemiddeld 3,5 bewoners per eenheid het, teenoor 2,1 bewoners in die geval van meenthuise. Huisbewoners het ook 'n hoër gemiddelde bruto inkomste per maand as meenthuisbewoners – R6 811 teenoor R5 085.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Indiensname, Arbeidsomset en Dienskontrakte

Uit die ondersoek blyk dit dat net 45 (25,4%) van die huishoudings 'n huishulp op 'n voltydse basis in diens het, terwyl 52 (29,4%) een dag per week, (50) 28,2% twee dae per week, en 30 (17%) drie dae per week 'n huishulp huur. Soos verwag kan word is meenthuisbewoners meer geneig as huisbewoners om deeltydse huishulpe te huur. So is gevind dat 61,3% van die meenthuisbewoners in die steekproef net een dag van die week 'n huishulp in diens het, teenoor 10,6% in die geval van die huisbewoners. Wat voltydse huishulpe aanbetref is die prentjie net mooi omgekeerd, want 34,5% van alle huisbewoners het voltydse huishulpe, teenoor slegs 9,7% van meenthuis-bewoners.

Hoewel 'n huishulp miskien net een dag per week by 'n spesifieke huishouding werk, kan sy egter die ander dae van die week ook by ander huishoudings werk. So is gevind dat twee-derdes (67,7%) van alle huishulpe net by een huis of meenthuis per week in diens is, 17% by twee, 8,5% by drie en 6,8% by vier en meer. Hieruit blyk dit dat daar meer werkgewers as werkers in die huishulpmark is. Ironies genoeg beteken dit nie dat die vraag na huishulpe die aanbod oorskry nie, maar dat 'n aantal huishulpe as gevolg van die relatief klein aantal voltydse poste, hulle inkome probeer vergroot deur meer as een deeltydse pos op te neem.

Slegs 29,8% van die huishulpe het aangedui dat hulle nie gedurende die afgelope vyf jaar van werkgewer verwissel het nie, terwyl onderskeidelik 27,4%, 24,2% en 13,7% gesê het dat hulle gedurende dieselfde periode een, twee of drie keer van werkgewer verwissel het. Die res (4,9%) het meer as drie keer van werkgewer verander. Voltydse huishulpe verander egter nie so baie van werkgewer soos deeltydses nie. Altesaam 38,5% van die voltydses het aangedui dat hulle nie die afgelope vyf jaar van werkgewer verwissel het nie, teenoor 26,1% van die deeltydses. Die algemeenste rede waarom van werkplek verwissel is, en deur 43,2% van die huishulpe genoem is, was omdat die werkgewer verhuis het. Dit is insiggewend dat slegs 13,5% swak betaling as rede aangevoer het.

Wat ontstellend is, is dat net 17,5% van die werkgewers aangedui het dat hulle 'n skriftelike dienskontrak met hulle werknemer gesluit het.

Aard van take

Huishulpe verrig 'n verskeidenheid take soos huisskoonmaak, wasgoed was en stryk, koskook, en die versorging van kinders en bejaardes (tabel 1). Die vernaamste taak is egter huisskoonmaak. Alle huishulpe het aangedui dat hulle

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

hierdie taak moet verrig, hoewel was en stryk ook baie prominente take is. Koskook en kinder- en bejaardesorg is minder prominente take, en waar dit gedoen moet word, is dit meestal deel van voltydse huishulpe se pligte. So byvoorbeeld moet 42% van die voltydse huishulpe koskook, terwyl net 'n paar van die deeltydses daarmee belas is.

Tabel 1: Huishulpe se Take

TAKE	1 DAG N = 52	2 DAE N = 50	3 DAE N = 30	VOLTYDS N = 45
Huisskoon-maak	100%	100%	100%	100%
Wasgoed was en/of stryk	88%	96%	97%	96%
Koskook	2%	4%	11%	42%
Kinder- en bejaardesorg	0%	6%	8%	38%

Hierdie resultate stem baie ooreen met dié van 'n studie van Davidson en Grossett (1995:95) wat in die Gauteng-provinsie gedoen is. Hulle het bevind dat 97,8% van alle huishulpe moet huisskoonmaak, 96,4% moet wasgoed was en/of stryk, 36,1% moet koskook en 12,1% moet kinders versorg.

Vergoeding

Huishulpe in elke kategorie se kontantlone per dag word aan die hand van histogramme voorgestel (figure 1 tot 4). Kontantlone in elke kategorie is in intervalle van R5 opgedeel en die persentasie huishulpe word per interval voorgestel. So byvoorbeeld verdien 32,5% van alle huishulpe wat een dag per week by 'n spesifieke werkgewer in diens is tussen R30 en R34 per dag. Huishulpe in elke kategorie se gemiddelde kontantvergoeding per dag is soos volg: een dag per week – R34,50; twee dae per week – R29,27; drie dae per week – R27,15; en voltydses R21,27.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Figuur 1: Kontantloon per dag – een dag per week



Figuur 2: Kontantloon per dag – twee dae per week



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Figuur 3: Kontantloon per dag – drie dae per week



Figuur 4: Kontantloon per dag - voltyds



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Bo en behalwe 'n kontantloon kry huishulpe ook sekere vergoeding in natura soos blyplek, maaltye, uniforms, mediese hulp, 'n pensioen- en/of 'n spaarplanvoordeel. Byna alle huishulpe kry gratis maaltye, maar wat elke vorm van vergoeding in natura aanbetref is daar is 'n groter persentasie voltydse as deeltydse huishulpe wat sodanige vergoeding ontvang (tabel 2).

Tabel 2: Huishulpe se Vergoeding in Natura

VERGOEDING IN NATURA	VOLTYDS N = 45	DEELTYDS N = 132
Blyplek	42%	0%
Maaltye	98%	94%
Uniform	70%	56%
Pensioen/spaarplan	12%	2%
Medies	38%	10%

Vergoeding gemeet aan die minimum loon

Uit Figuur 4 blyk dit dat met die uitsondering van 'n klein persentasie (2,2%), alle voltydse huishulpe se kontantlone laer as die voorgestelde minimum loon van R600 per maand / R30 per dag is. Word vergoeding in natura egter by kontantlone getel en voltydse huishulpe se totale vergoeding aan die minumum loon gemeet, verbeter die prentjie aansienlik. Net 20,3% van alle voltydse huishulpe se totale vergoeding is laer as die minimum loon van R600 per maand / R30 per dag (Figuur 5).

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Figuur 5: Totale vergoeding per dag – voltyds



MOONTLIKE ANTWOORDE VIR BELEIDMAKERS?

In Zimbabwe word werkgewers vir doeleindes van minimum lone nie toegelaat om huishulpe se vergoeding in natura by kontantlone te tel nie (Van der Walt, 1993:813). Uit die bostaande resultate blyk dit dat onder sulke omstandighede, 'n aansienlike persentasie van die huishulpe wat by hierdie ondersoek betrek is, gevaar loop om hulle werk te verloor.

'n Mens moet egter versigtig wees om nie te wil aflei dat in gevalle soos hierdie, waar feitlik alle voltydse huishulpe se kontantlone minder as die minimum loon is, almal afgedank gaan word nie. Sekere werkgewers plaas so 'n hoë premie op 'n huishulp sodat hulle beslis die minimum loon sal betaal (net soos wat hulle nie afgeskrik sal word om motor te ry as die brandstofprys styg nie). Ander weer sal miskien nie hulle huishulp afdank nie, maar haar minder dae per week laat werk en/of haar take inkort. Dit sal tot 'n toename in die aantal deeltydse huishulpe aanleiding gee. Dat 'n aansienlike persentasie voltydse huishulpe hulle werk kan verloor, is egter nie uitgesluit nie. Op die vraag wat hulle sal doen as hulle 'n minimum loon van R600 per maand moet betaal, het 23,2% van die werkgewers wat voltydse huishulpe in diens het gesê

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

hulle gaan hulle huishulp afdank. Byna die helfte (45,2%) het gesê hulle sal haar nog steeds huur, terwyl 31,6% aangedui het dat hulle onseker is.

Hoeveel werkgeleenthede in gedrang kan kom hang uiteindelik af van die vlak waarop die minimum loon vasgestel gaan word. Hoe hoër die minimum loon bokant die vryemarkvlak is, hoe meer afdankings kan volg. In hierdie verband kan arbeidsmarkteorie 'n nuttige riglyn vir beleidmakers wees.

Omdat die huishulpmark 'n mark met baie kopers (huishoudings) en verkopers (huishulpe) is, is daar rede om te glo dat dit 'n volmaak mededingende arbeidsmark is. In so 'n mark is alle werkgewers loonnemers, wat beteken dat almal dieselfde, met ander woorde die markloon betaal. In teorie impliseer dit 'n volmaak elastiese arbeidsaanbodkurwe (McConnell en Brue, 1995:155-6).

In die huishulpmark is daar egter faktore wat daartoe lei dat arbeiders en huishoudings nie heeltemal homogeen is, soos wat die teorie van volmaakte mededinging dit wil hê nie. Werkplekke en take verskil, en reiskoste (wat in hierdie geval by geldlone ingesluit is) wissel na gelang van afstand vanaf die werkplek. Die gevolg is dat in stede daarvan dat alle werkgewers dieselfde loon betaal, lone in 'n band rondom die gemiddeld versprei is met 'n boonste (W_u) en 'n onderste (W_L) limiet (Figuur 6). Binne hierdie band is daar vir die individuele werkgewer ruimte om loonvlakke te bepaal (Kaufman, 1994:241-53).

Figuur 6: Loonband



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Die loonbande vir huishulpe in elke kategorie kan baie duidelik op figure 1 tot 4 gesien word. In die geval van werkgewers wat net een dag per week 'n huishulp huur (Figuur 1), is die boonste en onderste limiete van die loonband onderskeidelik R59 en R15. As daar na die loonverspreiding van voltydse huishulpe gekyk word (Figuur 4), dan is dit opvallend dat die minimum loon van R600 per maand / R30 per dag in die interval naaste aan die boonste limiet van die loonband (R34) val. Die frekwensie van die vorige interval (R25-29) is trouens ook relatief laag, en vanaf hierdie vlak tot by die boonste limiet van die loonband, is die area waar die vraag na arbeid baie elasties raak. Dit verklaar waarom so 'n groot persentasie van die werkgewers aangedui het dat hulle hulle huishulpe gaan afdank as hulle 'n minimum loon van R30 per dag moet betaal. As dit as rigtingwyser gebruik word, dan behoort die minimum loon vir voltydse huishulpe nie hoër as R500 per maand / R25 per dag te wees nie. Dit sal nie net die gevaar van afdankings verminder nie, maar ook die kanse dat werkgewers vergoeding in natura sal inkort.

Word bogenoemde maatstaf ook gebruik om te bepaal wat die minimum loon vir deeltydse huishulpe moet wees, lyk die prentjie min of meer só: R40 (of miskien R35) per dag in die geval van 1 dag per week, R35 vir 2 dae per week en R30 of miskien R35 per dag vir drie dae per week. Hieruit wil dit voorkom asof 'n minimum loon vir huishulpe regressief behoort te wees – hoër vir deeltydses as vir voltydses (Figuur 7).

Figuur 7: 'n Regressiewe Minimum Loon vir Huishulpe



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Behalwe dat die loonverspreidings en boonste grense van die onderskeie loonbande dit so wil hê, is daar ook ander redes waarom deeltydse huishulpe 'n hoër minimum loon per dag as voltydses betaal kan word. Soos in tabel 1 gesien kan word, moet bykans alle deeltydse huishulpe net soos die voltydses huisskoonmaak sowel as was en/of stryk, maar eersgenoemdes het minder dae vir dieselfde take. Ook moet verreken word dat 'n werkgewer wat 'n deeltydse huishulp huur, relatief makliker 'n hoër loon (per dag) kan bekostig as een wat 'n voltydse huishulp in diens het. 'n Regressiewe minimum loon behoort derhalwe ook die gevaar van afdankings te verminder, mits loonvlakke nie te hoog vasgestel word nie en die regte balans tussen die onderskeie kategorieë gevind kan word.

Dit moet ook nie uit die oog verloor word nie dat 'n minimum loon oor die lang termyn 'n groter impak op indiensnamevlakke gaan hê as oor die korttermyn. Daar is verskeie redes daarvoor. So byvoorbeeld neem die aantal meenthuise in verhouding tot huise voortdurend toe. Soos uit hierdie navorsing blyk, impliseer dit meer deeltydse in plaas van voltydse werk. 'n Nuwe tendens wat skynbaar vinnig posvat, is om nie meer self 'n huishulp te huur nie, maar om soos in die geval van *tuindienste* 'n kontrakteur te betaal om die diens te lewer.

Beleidmakers moet dit in oorweging neem dat hierdie mark, net soos enige ander arbeidsmark, ook by die res van die ekonomie ingeskakel is en voortdurend verander. Daar moet ook voor oë gehou word dat hoewel hierdie navorsing nuttig mag wees, dit nie te sê is dieselfde geld vir huishulpe in ander woonbuurte en op ander plekke nie.

EINDNOTA

1 Ander kategorieë "huiswerkers" soos tuinwerkers en chauffeurs is nie by hierdie ondersoek betrek nie.

BRONNELYS

1. BACKER, L & OLIVIER, M. (1996). *Gids tot die Wet op Arbeidsverhoudinge*. Pretoria: Bactas Personeelkonsultante.
2. DEPARTMENT OF LABOUR. (1996). *Report of the presidential commission to investigate the development of a comprehensive labour market policy*. Pretoria: Staatsdrukker.
3. DEPARTMENT OF LABOUR. (1997). *Proposed Basic Conditions of Employment Bill*. Pretoria: Directorate Minimum Standards.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

4. DEPARTEMENT STEDELIKE BEPLANNING EN BEHUISING (1996). *Fourth metropolitan transportation plan of Bloemfontein*. Die Stad Bloemfontein: Munisipaliteit.
5. DAVIDSON, S. & GROSSETT, M. (1995). "The economic consequences of legislation governing working conditions of domestic workers". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*, vol.15: 91-103.
6. KAUFMAN, B.E. (1994). *The economics of labor markets*. Orlando: The Dryden Press.
7. McCONNELL, C.R. & BRUE, S.L. (1995). *Contemporary labor economics*. Singapore: McGraw-Hill.
8. SENTRALE STATISTIEKDIENS. (1991). *Populasie sensus - 1991, Opsommende resultate na aanpassings vir onderskatting*. Pretoria: Staatsdrukker.
9. SENTRALE STATISTIEKDIENS. (1996). *Survey of dwellings and domestic workers, Mei 1994*. Pretoria: Staatsdrukker.
10. STOKER, D.J. (1981). *Steekproefneming in die praktyk*. Universiteit van Pretoria: Reeks nr. 178-1981.
11. VAN DER WALT, L.M. (1993). "Minimum wage fixing for domestic labour". *Industrial Law Journal*, 14(4): 811-20.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).